




**Rooi Rose het die mooiste breigoed  
uit eie bodem versamel. Die akteurspaar Michelle  
Botes en Ian Roberts en hul kinders het in Swaziland  
daarmee gespog. Saamgestel en versorg deur  
Riana van der Merwe en Carolien Saayman.  
Foto's deur Mariam Gillan**

# truie van **AFRIKA**


**Twee truie in Afrika-kleure  
Wentruie van ons breiwedstryd  
Kabeltruie vir hom en haar  
Kleurryke angoratrui  
Prettige onderbaadjie vir 'n knapie  
Musse vir die hele gesin  
Maltrap-koeitruie vir kinders  
Masjiengebreide rooi truitjie  
Laslappiekomers**

grimering en hare Marlene Walter van Carlton Hair International, klere en bykomstighede van Jet Stores; skoene van Earthbound (012) 348-6905 en The Quartermaster (011) 622-8314; ateljeefoto's deur Peter Whitfield en Libby Edwards; Ons dank aan Sun International vir ons verblyf in die Ezulwini Sun en hul vriendelike hulp met ons vervoerreëlings



# Pasmaats

Die kleur van dié trui herinner aan die grasvelde van Afrika. Ons gee twee groottes aan en elkeen kan gebrei word om soos óf Michelle, óf Ian s'n te lyk



Dié patrone is taamlik moeilik.

**Koste:** Sowat R260

**Let wel:** wanneer daar volgens dia net 1 kleur gebruik word, moet 'n tweede kleur steeds aan agterkant saamgeweef word om 'n egalige tekstuur te verseker.

Die dia toon slegs 'n deel van die onderskeie motiewe; dit moet herhaal word soos op foto's gesien kan word.

Die traliwerk strek oor 20 ste, die medaljon-pat strek oor 24 ste en die kasteel-pat strek oor 16 ste. Dit val dus nie altyd op dieselfde manier bokant mekaar nie, maar pas wel in die aantal steke en moet só geplaas word dat dit rondom deurlopend is wanneer voor- en agterpant aan mekaar vasgewerk word. Sien dia.

## Ian se trui MATE

Om borsmaat van 107 – 117 cm lossies te pas.

**Ware grootte:** bors 130 cm; lengte tot skouer 76 cm; mounaat 56 cm.

## BENODIGDHEDE

Pingouin 100% wol (50 g-bolle): 5 bolle elk sandkleur (kleur-nr. 29, A) en bronsgroen (33, B), 4 bolle elk kastaiingbruin (31, C), roomwit (01, D) en militêre groen (32, E); breinaalde van 4,00 mm en 3,50 mm.

## SPANNING

22 ste en 25 rye = 10 x 10 cm met 4,00 mm-Ne oor Fair Isle-pat met kontraskleur aan agterkant ingeweef.

## AFKORTINGS

Sien algemene lys op bl. 91.



### AGTERPANT

Gebruik 3,50 mm-Ne en E en stel 120 ste op; brei d-rif in strepe van 4 rye E, 4 rye D, 4 rye C, 4 rye A, 2 rye B, 4 rye A, 4 rye C, 4 rye D, 4 rye E; slaan daarna oor na 4,00 mm-Ne en A en vermeer terselfdertyd 24 ste, eweredig gespaseer, oor 1e ry – 144 ste. Brei ks met B aan agterkant ingeweef; brei 5 rye ks, volg dan dia tot pant 72 cm lank is; herh kastele en medaljons soos op dia aangedui. Halsvorming vir AP begin net ná 3e strook kastele.

(As jy 2e grootte wil brei om soos Michelle se trui te lyk, stel 144 ste op met 4,00 mm-Ne en A. Brei 4 rye ks en begin dan met dia. Herh traliewerk tot pant lank genoeg is.)

**Halsvorming:** Brei 53 ste pat; heg middelste 38 ste af, brei tot einde.

**Linkerskouer:** Brei 1 ry pat. Heg aan halsrand in vlg ry en daaropvlg 2 alt rye telkens 1 st af – 50 ste.

**Vlg ry:** Heg af.

**Regterskouer:** Met VK voor, heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, brei soos vir linkerskouer, maar met omgekeerde vorming.

### VOORPANT

Soos AP tot pant 67 cm lank is vanaf beg.

**Halsvorming:** Brei 55 ste pat, heg 34 ste af, pat tot einde.

**Regterskouer:** Brei 1 ry en heg aan halsrand van dié ry en 4 daaropvlg rye telkens 1 st af –

50 ste. Brei tot VP so lank soos AP tot skouer is en heg af.

**Linkerskouer:** Soos regter-, maar met omgekeerde vorming.

### MOUE (2)

Gebruik 3,5 mm-Ne en C, stel 56 ste op en brei 6 cm gestreepte rif: 2 rye C, 2 rye E, 2 rye D, 2 rye B, 2 rye A, 2 rye C, 2 rye E, 2 rye D, 2 rye B, 4 rye A.

Slaan oor na 4,00 mm-Ne en A. Ks met B aan agterkant saamgeweef en brei 6 rye A, vermeer in 1e ks-ry 16 ste eweredig gespaseer – 72 ste. Beg medaljon-pat volgens dia, 3 medaljons met 'n chevron bokant elkeen pas in ry. Voltooi 1e strook kastele, beg vermeer daarna 1 st aan weersk van elke 4e ry tot 116 ste, neem ekstra ste in pat op. Brei volgens dia tot einde van 2e strook kastele, keer dan terug na A met B ingeweef en brei nog 'n volledige strook medaljons. Werk is dan sowat 55 cm lank. Brei nog 2 rye A en heg dan af.

### AFWERKING

Werk regterskouernaat toe. Gebruik A en met RK voor, tel op en r124 uit halsrand van VP en AP. Brei d-rif, 4 rye A, 2 rye B, 2 rye D, 2 rye E, 2 rye C en heg lossies, rifsge wys af. Werk 2e skouer- en halsboordjienaat aaneenlopend toe. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.

### Michelle se trui MATE

Om borsmaat van 97 – 102 lossies te pas.

**Ware grootte:** bors 109 cm; lengte tot skouer 67 cm; moulengte 53 cm.

### BENODIGDHEDE

Pinguin 100% wol (50 g-bolle): 4 bolle elk sandkleur (kleur-nr 29, A) en bronsgroen (33, B), 3 bolle kastaiingbruin (31, D) en 5 bolle elk roomwit (01, D) en militêre groen (32, E); 'n paar breinaalde van 4,00 mm; hekelpen van 3,00 mm.

### SPANNING

22 ste en 25 rye = 10 x 10 cm met 4,00 mm-Ne oor ingebreide patroon.

### AFKORTINGS

Sien algemene lys op bl. 91.

### AGTERPANT

Gebruik 4,00 mm-Ne en A en stel 120 ste op; brei 4 rye ks met A (B aan agterkant ingeweef), volg daarna dia. Beg met medaljon-pat in A en B, dan kastele, dan traliewerk-pat. Brei traliewerk-pat tot werk 57 cm lank is vanaf beg.

(As jy die kleiner grootte wil brei om soos lan se trui te lyk, stel 100 ste op met 3,50 mm-Ne en brei rif soos vir sy trui. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en A en vermeer terselfdertyd, eweredig gespaseer, 20 ste in 1e ry.

Herh medaljon- en kasteelpat soos op dia aangedui.)

**Halsvorming:** Brei 43 ste pat, heg 34 ste af, pat tot einde.

**Linkerskouer:** Brei 1 ry pat. Vermin 1 st aan halsrand van vlg ry en 2 daaropvlg alt rye – 40 ste. Heg af.

**Regterskouer:** Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei soos vir regterskouer, maar met omgekeerde vorming.

### VOORPANT

Soos AP tot pant 55 cm lank is.

**Halsvorming:** Brei 45 ste pat, heg middelste 30 ste af, brei tot einde.

**Regterskouer:** Brei 1 ry pat. Heg aan halsrand 1 st af in vlg ry en daaropvlg 4 alt rye – 40 ste. Brei tot VP so lank is soos AP tot skouer en heg af.

**Linkerskouer:** Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, heg 1 st af, brei voort soos vir regter-, maar met omgekeerde vorming.

### MOUE(2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en A, stel 56 ste op, brei 2 rye ks met A en B aan agterkant ingeweef.

**Vlg (RK-) ry:** Vermeer 16 ste, eweredig gespaseer, oor die ry – 72 ste.

Brei nog 1 ry, beg dan medaljon-pat volgens dia – 3 medaljons met 3 chevrons bokant daarvan pas in ry.

Voltooi strook met kastele, vermeer daarna 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 6e

ry tot 104 ste; hou pat deurlopend en neem ekstra ste in pat op.  
Brei tot mou 50 cm lank is en heg af.

## AFWERKING

Werk skouernate toe; werk moukoppe vas, werk sy-e n mounate toe.  
Gebruik 3,00 mm-hekelpan en A en hekel oor onderrand soos volg:

**1e rondte:** \*1kb in elke opstelst; herh rondom.

**2e rondte:** \*5kb, slaan 1kb oor; herh vanaf \* rondom.

**3e rondte:** \*4kb, 1ks, slaan 1 st oor; herh vanaf \* rondom. Knip werkdraad af.

**Halsboordjie:** Gebruik E en hekel 'n rondte kb rondom halsrand van VP en AP.

**2e rondte:** Steeds met E, vermin af en toe 'n st; herh rondom.

**3e rondte:** Met A, deurgaans kb.

**4e rondte:** Met B, deurgaans kb.

**5e rondte:** Met D, deurgaans kb.

**6e rondte:** Met C, deurgaans kb. Knip werkdraad af.

## Mouboordjies (2):

**1e rondte:** Soos 1e rondte van middelboord, met A.

**2e rondte:** \*10kb, slaan 1kb oor; herh rondom.


**3e en 4e rondte:** Soos 2e rondte.

**5e rondte:** Met C, maar sonder vermin.

**6e rondte:** Met B, soos 5e ry.

**7e rondte:** Met C, soos 5e ry. Knip werkdraad af.

**Fraaiings:** Knip stukke wol van kleure A, B, C, en E 30 cm lank. Gebruik 8 stringe tesame en knoop 'n tossel in elke 1-st spatie in laaste rondte van onderrand. Knip tossels gelyk. □



← Moue: albei groottes

← 2e grootte: VP en AP

← 1e grootte: VP en AP

← 1e grootte: VP  
2e grootte: VP en AP  
Moue: albei groottes

← 1e grootte: AP

↑ 1e grootte: VP en AP  
Moue: albei groottes

↑ 2e grootte: VP en AP

**Vir lan se trui:** Brei tot hier op dia. Ná laaste ry van tralies, brei 3 rye E, dan weer kastele, 5 rye A, herh medaljons, vyf rye A, herh kastele, nog 5 rye A, eindig af. Doen terselfdertyd halsvorming soos beskryf in pat.

**Vir Michelle se trui:** Herh traliepat tot pant verlangde lengte is.

## KLEURVOLGORDE (KYK NA FOTO'S)

Medaljons = B

Agtergrond by medaljons = A

Kasteelpat = C

Tralies = D

Agtergrond by tralies = E

Let wel: die verskillende pat val nie altyd presies bo mekaar nie. Begin elke pat waar dit met pyltjies op dia aangetoon is.

Dié trui is eksklusief vir Rooi Rose ontwerp deur Kandas Creations en gebrei deur Lucette Wegelin


# SA se mooiste

**Rooi Rose en die VLV van Kaapland het verlede jaar 'n landwyse breiwedstryd aangebied met Afrika as tema. Die inskrywings het ons asems weggeslaan! Hier is die wenner se truie**

ANNE-MARIE CONROY VAN VICTORIA-WES het die eerste prys losgeslaan met haar pragtige volstruis-trui. Sy het 'n verskeidenheid breidraad, soos angora van Anny Blatt, suiwer sy en 100% wol gebruik. Die prent word met borduurwerk en krale afgerond.

"My omgewing inspireer my, maar gehalte materiale soos wol, sy, katoen, bokhaar en angorahaar is net so 'n groot aansporing en uitdaging," sê sy. "My grootste beloning is om iemand te sien wat een van my truie dra en dit geniet, goed daarin voel omdat dit goed pas en omdat die ontwerp vir die persoon iets besonder was."

Die prys van 'n toer van 14 dae in Zimbabwe sal haar beslis tot nog 'n meesterstuk inspireer!



# truie!



Dit is die tweede keer dat Anne-Marie so gelukkig is om te wen. Sy het in 1989 'n reis na Frankryk gewen met 'n wedstryd in Rooi Rose.

Die ander drie prysweners was Annes Munnik van Dordrecht, Anita van der Merwe van Witbank en Helene Joubert van Stilbaai.

Annes se kindertruitjie (2) is in die helder kleure van ons nuwe vlag gebrei. Sy het dubbelbreidraad van Pingouin gebruik en die figuurtjies met duplikaatsteek borduur. Afronding is ook met kralé gedoen.

Anita het ook 'n kindertrui gebrei met 'n Afrika-toneel (4). Die bome en mense is afsonderlik gebrei en later op die trui vasgewerk.

Helene het 'n Suid-Afrikaanse kaleidoskoop (3) gebrei – kompleet met Tafelberg, 'n Zoeloe-paartjie en druiwetros!

Jy kan die patrone vir dié truie van ons bestel. Bestelvorm op bl. 91.



# 'n Kinkel in die kabel

Stap saam  
deur die win-  
ter! Brei vir  
jou en hom  
besondere  
kabeltruie  
met strepe



Die truie is eksklusief  
vir Rooi Rose ontwerp  
en gebrei deur Elnare  
Mostert

Dié patroon is taamlik maklik.  
**Koste:** Sowat R135,00

## MATE

Om borsmaat van 82-87(92-97;102-107;112-117) cm lossies te pas. **Ware grootte:** Borsmaat 97(107;117;127) cm; lengte tot skouer 63(69;69;75) cm; mounaat 42(45;54;57) cm.

## BENODIGDHEDE

Pingouin Rustica (50 g-bolle).

**Damestrui:** 3(3;4;4) bolle elk Kilt (kleur-nr. 04, eerste kleur) en grysgroen (05, tweede kleur), asook 4(4;5;5) bolle denim (06, derde kleur).

**Manstrui:** 3(3;4;4) bolle elk bruin (03, eerste kleur) en beige (02, tweede kleur) asook, 4(4;5;5) bolle roomwit (01, derde kleur);

'n paar elk breinaalde van 3,25 mm en 4,00 mm; 1 kabelnaald en 2 stekehousers

## SPANNING

22 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,00 mm-Ne.

## AFKORTINGS

Sien algemene afkortings op bl. 91.

**dms** – dubbelmossteek: 2 rye r1, aw1 oor ewe aantal ste; vlg 2 rye aw1, r1; verspring elke 2 rye.


**k6a(v)** – kabel 6 ste agter-(voor)langs, glip vlg 3 ste op kn en hou aan agter(voor) kant van werk, r3, dan r3 ste op kn.

**kn** – kabelnaald

## AGTERPANT

**\*\*Gebruik** 3,25 mm-Ne en eerste kleur, stel 104(116;128;140) ste op, brei 6 cm rif, eindig met 'n RK-ry.

**Vlg(aw-) ry:** Vermeer 20 ste oor dié ry, eweredig gespaseer



– 124(136;148;160) ste. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei pat.

**1e (RK-) ry:** r18(24;30;36), \*r1adl, aw2, r13, aw2, r1adl\*; brei 50 ste dms, herh van \* tot \*, r18(24;30;36).

**2e en elke alt ry:** Brei ste soos dit voorkom.

**3e ry:** r18(24;30;36), \*r1adl, aw2, k6a, gl1awg, k6v, aw2, r1adl\*; 50 ste dms, herh van \* tot \*, r18(24;30;36).

**5e ry:** Soos 1e ry.

**6e ry:** Soos 2e ry.

Dié 6 rye vorm pat.

**\*\*Brei** pat soos uiteengesit tot werk 63(69;69;75) cm lank is vanaf beg, maar brei terselfdertyd strepe van 21(23;23;25) cm elk met 1e, 2e en 3e kleur, eindig met VK-ry.

**Skouervorming:** Heg 44(48;52;56) ste af aan beg van vlg 2 rye. Heg oorbl ste af.

## VOORPANT

Soos AP van \*\* tot \*\*, maar brei pat tot werk 57(62;62;67) cm lank is vanaf beg, eindig

en heg af.

**Linkerskouer:** Plaas ste van stekehousers op N oor, heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei soos regterskouer van \*\*\* tot \*\*\*, eindig met VK-ry. Heg af.

## Moue

Gebruik 3,25 mm-Ne en eerste kleur, stel 48(54;60;66) ste op, brei 6 cm rif, eindig met RK-ry.

**Vlg ry:** vermeer 10 ste, eweredig gespaseer, oor dié ry – 58(64;70;76) ste.

Slaan oor na 4,00 mm-Ne en dms. Vermeer 1 st aan weersk van 5e ry en elke daaropvlg 4e ry tot 108(114;130;140) ste, maar brei terselfdertyd strepe van sowat 14(15;18;19) cm elk in eerste, tweede en derde kleur tot werk 42(45;54;57) cm lank is vanaf beg, eindig met VK-ry. Heg af.

## AFWERKING


Werk regterskouernaat toe.

**Halsboordjie:** Met RK voor, 3,25 mm-Ne en derde kleur, tel op en r54(60;66;72;) ste uit halsrand van voorpant en 36(40;44;48) uit agterpanthalsrand – 90(100;110;120) ste.

**Slegs rondelhalstrui:** Brei 7 cm rif, eindig met 'n VK-ry en heg rifgw af.

Werk halsboordjie- en linkerskouernaat aaneenlopend toe. Vou boordjie na binnekant dubbel en werk lossies vas.

**Slegs rolhalstrui:** Brei 7 cm rif, slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei nog 7 cm rif, eindig met VK-ry. Heg rifgw af. Werk halsboordjie- en linkerskouernaat aaneenlopend toe. Werk boonste helfte van halsboordjienaat aan RK toe. Vou halsboordjie dubbel na RK om, sonder om dit vas te werk. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mou-nate toe. Moenie pars nie. □




met VK-ry.

**Halsvorming:** Brei 51(56;61;66) ste pat en plaas dit op stekehousers, heg vlg 22(24;26;28) ste af en brei pat tot einde.

**Regterskouer:** (VK) \*\*\*Brei 1 ry.

Vermin 1 st aan beg (=halsrand) van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 44(48;52;56) ste oorbl. Brei reguit verder tot werk so lank is soos AP tot skouervorming \*\*\*, eindig met 'n RK-ry

# Vang dié een!



Die trui is eksklusief vir Rooi Rose ontwerp deur Kandas Creations. Die Angora-trui is deur Kandas Creations gebrei en die onderbaadjie deur Marianne von Wieligh.

**Michelle dra die sagste, warmste trui denkbaar en Daniel se prettige onderbaadjie met leeus sal enige rakker se hart steel!**

## Michelle se trui

Dié patroon is taamlik maklik.  
**Koste:** Sowat R200(R284;R350)

## BENODIGDEHEDE

Pingouin Panache Mohair (50 g-bolle); 4(5;6) bolle Marine (kleur-nr. 19, A), 3(4;5) bolle elk Safran (30, B), Bourgogne (34, C), Blue Canard (11, D); 1 paar elk breinaalde van 4,50 mm en 5,00 mm; 2 stekehouers of reserwenaalde.

## MATE

Om borsmaat 92-97(107-117;127-132) cm lossies te pas. **Ware grootte:** bors 110(125;145) cm; lengte tot skouer 71(77;81) cm; moulengte 47(49,5;53) cm

## SPANNING

18 ste en 21 rye = 10 x 10 cm met 5 mm-Ne en in Fair Isle-pat met kontraskleur aan agterkant ingeweef.

## AFKORTINGS

Sien algemene lys op bl. 91.

## AGTERPANT

Gebruik 4,5 mm-Ne en A en stel 90(94;124) ste op. Brei 8(10;10) cm d-rif, eindig met VK-ry.

**Vlg ry:** Slaan oor na 5 mm-Ne en steeds met A, vermeer 9 ste, eweredig gespasieer, oor dié ry – 99(113;131) ste.

**Vlg ry:** Deurgaans aw. Brei voort in ks en volg dia.

**Let wel by blokkiespatroon:**

**1e grootte:** Blokkiespat pas presies in vlgs die aantal ste. Beg dus met \*r3A, r3C\*; herh van \* – \* tot laaste 3 ste, r3A. **Vir VP:** ruil kleure vir blokkies-pat om. Volg dieselfde pat met ander kleurkombinasies.

**2e en 3e grootte:** Blokkiespat pas nie presies nie, beg dus met r4A, \*r3C, r3A\*; herh van \* – \* tot laaste 7 ste, r3C, r4A. **Vir VP:** ruil kleure vir blokkies-pat om. Volg dieselfde pat met ander kleurkombinasies.

**Kleurkombinasies:**

**\*\*1e strook driehoek:** Agtergrond A, driehoek B.

**1e strook blokkies:** A en C.

**2e strook driehoek:** Agtergrond C, driehoek D.

**2e strook blokkies:** C en B.

**3e strook driehoek:** Agtergrond B, driehoek A.

**3e strook blokkies:** B en D.

**4e strook driehoek:** Agtergrond D, driehoek C.

**4e strook blokkies:** D en A.

Begin hierna weer by \*\* en brei tot trui lank genoeg is, soos volg:

**1e grootte:** Brei tot herh van 2e driehoekstrook (met C en D) voltooi is; brei halsvorming se blokkie-strook met B en C, tot 1e drie blokkiesrye voltooi is.

**2e grootte:** Voltooi blokkie-strook met B en C. Brei 2 rye B, begin met driehoekstrook van A en B. Brei 9 rye hiervan en beg halsvorming in 10 ry van pat.

**3e grootte:** Brei tot herh van 3e driehoekstrook (met B en A) voltooi is, en brei halsvorming se blokkie-strook met B en D, tot 1e 3 blokkiesrye voltooi is.

**Hals- en skouervorming:** Vlg ry: Brei 30(36;44) ste, draai. Hou pat deurlopend. Vermin 1 st aan beg van vlg ry. **Daaropvolgende ry:** Deurgaans aw. Heg af. Plaas middelste 39(41;43) ste op reserwenaald en heg werkdraad aan halsrand van oorbl 30(36;44) ste vas. Brei soos 1e skouer, maar met omgekeerde vorming.

**VOORPANT**

Soos AP tot 2 rye C ná 6e driehoekstrook (tot 6e ry van 7e driehoekstrook; tot 2 rye B ná 7e driehoekstrook) voltooi is.



**Halsvorming:** Brei 32(38;46) ste,

draai. Hou pat deurlopend. Vermin 1 st aan beg (= halsrand) van vlg ry en daaropvlg 2 alt rye. Heg oorbl 29(35;43) ste af. Plaas middelste 35(37;39) ste op reserwenaald. Heg werkdraad aan halsrand van oorbl 32(38;46) ste vas. Brei soos vir 1e skouer, maar met omgekeerde vorming, en sorg dat blokkiespat aan weersk van halsrand ooreenstem by 1e en 3e grootte.

**MOUE (2)**

Gebruik 4,5 mm-Ne en stel 42(42;50) ste op. Brei 8(10;10) cm d-rif.

Slaan oor na 5 mm-Ne en steeds met A, r vlg ry en vermeer 11 ste, eweredig gespaseer, oor dié ry =



53(53;61) ste.

Brei 1 ry aw, volg dan dia.

**1e strook driehoek, met A en B, 1e ry:**

**1e en 2e grootte:** r6B, 4A, 1B, 4A, 23B, 4A, ens. tot einde van ry.

**3e grootte:** r3A, 23B, 4A, 1B, 4A, 23B, 4A, ens. tot einde van ry.

Brei soos nou vasgestel en vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van elke 2e ry tot 99(111;131) ste op N; neem ekstra ste in pat op.

**1e strook blokkies, met A en C, 1e ry:**

**1e en 2e grootte:** r2C, slaan oor na A en vermeer in vlg st, dan nóg 1 A, 3C, 3A, ens tot einde; onthou vermeer.

**3e grootte:** r1C, vermeer in vlg st met C, 3A, 3C, 3A, ens. tot einde; onthou vermeer.

**2e strook driehoek, met C en D, 1e ry:**

**1e en 2e grootte:** r1D, vermeer in vlg st met D, 14D, 4C, 1D, 4C, 23D, ens. tot einde; onthou vermeer.

**3e grootte:** r1D, vermeer in vlg st met D, nog 2D, 4C, 1D, 4C, 23D, ens. tot einde; onthou vermeer.

**2e strook blokkies met C en B, 1e ry:**

**1e en 2e grootte:** r1C, slaan oor na B en vermeer in vlg st, nog 1B, 3C, 3B, ens. tot einde; onthou vermeer.

**3e grootte:** r1C, slaan oor na B

en vermeer in vlg st, nog 1B, 3C, 3B, ens. tot einde; onthou vermeer.

**3e strook driehoek met B en A, 1e ry:**

**1e en 2e grootte:** r1A, slaan oor na B en vermeer in vlg st, nog 2B, 23 A, 4B, 1A, 4B, ens. tot einde; onthou vermeer.

**3e grootte:** r1A, vermeer in vlg st, nog 13A, 4B, 1A, 4B, 23A, ens. tot einde; onthou vermeer.

**3e strook blokkies met B en D, 1e ry:**

**1e grootte:** Daar is reeds 99 ste – r3B, r3D, ens. tot einde.

**2e grootte:** r1B, vermeer in vlg st met B, r1B, r3D, r3B, ens. tot einde; onthou vermeer.

**3e grootte:** r1B, vermeer in vlg st met B, 3D, 3B, ens. tot einde; onthou vermeer.

**4e strook driehoek met D en C, 1e ry:**

**1e grootte:** r1D, 1C, 4D, 23C, 4D, 1C, 4D, ens. tot einde.

**2e grootte:** r1C, vermeer in vlg st met C, nog 4C, 4D, 1C, 4D, 23C, ens. tot einde; onthou vermeer.

**3e grootte:** r1C, vermeer in vlg st, nog 20C, 4D, 1C, 4D, 23C, ens. tot einde; onthou vermeer.

**1e en 2e grootte:** Brei tot aw-ry van 2 rye D ná laaste driehoekstrook voltooi is, heg af.

**3e grootte:** 4e strook blokkies met A en D: r4D, r3A, r3D, ens. tot einde. Voltooi blokkie-strook en heg af.

**AFWERKING**

Werk regterskouer toe. Gebruik 4,5 mm-Ne en A, tel 6 ste op uit skuinskant van AP-halsrand, 39 (41;43) ste op stekehouer, 6 ste uit 2e kant, 8 ste uit linkerkant van VP-halsrand, 35(37;39) ste op stekehouer en nog 8 ste uit regterkant – 102(106;108) ste. Brei 16 rye d-rif, slaan oor na 5,00 mm-Ne en heg rifgw af. Werk linkerskouer toe. Vou halsboordjie na VK om en werk vas. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.

**Daniel se onderbaadjie**

Dié patroon is taamlik moeilik.

**Koste:** Sowat R42

**MATE**

Om kind van 5(8;10) jaar te pas.

**Ware grootte:** bors 74(86;94) cm; lengte tot skouer 43(46;49) cm.

## BENODIGDHEDE

Pingouin Family Knit DK (50 g-bolle): 2(3;3) bolle Gold (kleurnr. 38, A; 1(2; 2) bolle Claret (40, B); 1(2; 2) bolle Opal (55,C); 'n paar breinaalde en 1 rondbreinaald van 4,50 mm en 'n paar breinaalde van 4,00 mm; stekehouer; 4(4;5) knope.

## SPANNING

21 ste oor 24 rye = 10 x 10 cm met 4,5 mm-Ne oor Fair Ilse-pat met kontraskleur aan agterkant ingeweeft.

## AGTERPANT

Gebruik 4,00 mm-Ne en B, stel 78(90;98) ste op en brei d-rif met A en B.

**Let wel:** Begin dadelik met 1e ry, moenie eers 'n r-ry brei nie!

**1e ry:** \*aw2A, r2B\*; herh van \* – \* tot laaste 2 ste, aw2A.

**2e ry:** \*r2B, aw2A\*; herh van \* – \* tot laaste 2 ste, r2B.

Herh dié 2 rye nog 2 keer – 6 rye d-rif.

**Vlg ry:** Slaan oor na 4,50 mm-Ne en aw met A. Volg daarna pat op dia.

**Let wel:** Brei sigsagpat bokant leetjies op dieselfde pat as aan onderkant, maar met omgekeerde kleurvolgorde. Herh sigsagpat tot pant 27(28;29) cm lank is. Sien foto.

**Mousgatvorming:** Heg 5(6;6) ste af aan beg van vlg 2 rye.

Heg 3(3;3) ste af aan beg van daaropvlg 2 rye.

Heg 2(2;2) ste af aan beg van vlg 6(8;10) rye.

Heg 1 st af aan beg van daarop-

vlg 2 rye – 48(54;58) ste.

Brei tot werk 40(42;46) cm lank is. Eindig met VK-ry.

**Halsvorming:** Brei 15(16;16) ste, heg vlg 18(22;26) ste af, brei tot einde.

**Linkerskouer, vlg (aw) ry:** heg 1 st af aan einde van ry.

**Vlg ry:** heg 1 st af aan beg van ry, pat tot einde.

Aw nog 1 ry en heg oorbl 13(14;14) ste af. Lengte behoort dan 43(45;49) cm te wees.

**Regterskouer:** Soos linkerskouer, maar met omgekeerde vorming.

## REGTERVOORPANT

Gebruik 4,00 mm-Ne en B, stel 38(42;46) ste op en brei soos AP tot mousgatvorming.

**Mousgatvorming, vlg aw-ry:** Heg 5(6;6) ste af aan beg van ry,

brei tot einde.

**Vlg ry:** Heg 1 st af aan beg van ry (= halsrand); brei tot einde. Vermin 1 st aan halsrandkant van elke vlg 3e ry tot 13(14;14) ste oorbly, maar vorm **tegelykertyd** mousgat, heg 3(3;3) ste af aan beg van vlg aw-ry. Heg 2 ste af aan beg van daaropvlg 3(4;5) aw-rye. Heg 1 st af aan beg van vlg aw-ry. Brei tot so lank soos AP, heg af.

## LINKERVOORPANT

Soos regtervoorpant, maar met omgekeerde vorming.

## AFWERKING

Werk skouernate toe. Tel 100(110;118) ste op uit mousgatrand en brei d-rif.

**1e ry:** \*aw2A, r2B\*; herh van \* – \* tot laaste 2 ste, aw2A.

**2e ry:** \*r2B, aw2A\*; herh van \* – \* tot laaste 2 ste, r2B.

Brei 4 rye d-rif en heg dan rifgw af met B. Werk synate toe.

**Randstrook:** Gebruik rondbreinaald en A, en tel 86(92;98) ste uit regtervoorpantrand op, dan 30(34;38) ste uit AP-halsrand, 86(92;98) ste uit linkervoorpantrand – 202(218;234) ste.

**1e ry:** r3A, \*aw2B, r2A\*; herh van \* – \* tot laaste 3 ste, r3A.


**2e ry:** aw3B, \*r2A, aw2B\*; herh van \* – \*, tot laaste 3 ste, aw3B. Dié 2 rye vorm d-rif-pat.

Brei knoopsgate in vlg 2 d-rif-rye: pat 3(3;3) ste, \*heg 2 af; brei 12 ste\*; herh van \* – \* nog 3(3;4) keer, brei d-rif tot einde.

Stel in vlg ry 2 ste op oor elke knoopsgat; brei oorbly ste d-rif. Brei nog 2 rye d-rif, heg af met B, in pat. □

LINKERVOORPANT

REGTERVOORPANT



← 10 jaar

← 8 jaar


← 5 jaar

## DIAGRAM VIR ONDERBAADJIE

Patroon onder leetjies herhaal daarbo met kleure as spieëlbeeld van onderste kleurvolgorde.

Dié diagram is vir agterpant. Vir linkervoorpant, begin op dieselfde plek as vir AP. Vir regtervoorpant, begin waar middellyn op diagram aangedui is.


## DIAGRAM VIR ANGORATRUI



AP, 2e grootte

VP en AP, grootte 1 en 3; VP grootte 2


## DIAGRAM VIR FLAPPIE VAN DANIEL SE BONT MUS



Die 4 rye ks word aan binnekant van mus se ruffelstrook vasgewerk sodat net die reksteek-deel uitsteek.


rs

## DIAGRAM VIR BONT MUSSIE EN SAGTE BLOU MUS




Herhaal dié deel van diagram tot verlangde aantal rye gebrei is.

## DRAAI KOORD VIR BONT MUSSIE




## MAAK TOSSEL



Die musse is eksklusief vir Rooi Rose ontwerp en gebrei deur Kandas Creations. Illustrasies Wendy Brittnel

Verras jou kroos  
met vrolike koei-truie  
soos dié van Cara en  
Daniel. Dis groot pret  
om die borduurwerk  
hier op te doen



# Maltrap-koeie

## Cara se koeitruitjie

Dié patroon is taamlik moeilik

**Koste:** Sowat R42,00

## MATE

Om kinders van 5 – 7 jaar te pas. **Ware grootte:** bors 82 cm; lengte tot skouer 49 cm; moulengte 35 cm

## BENODIGDHEDE

Pingouin Family Knit DK (50 g-bolle) 3 bolle heldergroen (kleur-nr. 22, G), 1 bol sakseblou (58, B), 1 bol swart (17, S), 1 bol geel (20, A), 1 bol roomkleur (14, R); paar elk Inox-breinaalde van 3,25 mm en 4,00 mm. Vir versiering: Lint en klokke, kantblommetjies, kontraskleur groen gare om gras mee te borduur.

## SPANNING

22 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,00 mm-Ne

## AFKORTINGS

Sien algemene lys op bl. 91

## AGTERPANT

Gebruik 3,25 mm-Ne en G en stel 79 ste op. Brei 5 cm rif, en vermeer 11 ste, eweredig gespasieer, oor laaste ry – 90 ste. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en ks. Brei 18 rye ks. Volg hierna pat vlgs dia op bl. 86 vir 43 rye. Brei nog 11 rye G. **Mousgatvorming:** Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye, brei horison dan só:

**1e ry:** 71G, 13 B.

**2e ry:** 17B, 67G.

**3e ry:** 60G, 24B.

**4e ry:** 26B, 58G.

**5e ry:** 29G, 5A, 22G, 28B.

**6e ry:** 31B, 14G, 11A, 28G.


**7e ry:** 20G, 7B, 13A, 11G, 33B.

**8e ry:** 36B, 4G, 3B, 14A, 8B, 19G.

**9e ry:** 17G, 10B, 14A, 43B.

**10e ry:** 44B, 12A, 15B, 13G.

**11e ry:** 3G, 26B, 10A, 45B.



**12e ry:** 47B, 6A, 31B.

Brei met slegs B tot pant 46 cm lank is.

**Halsvorming:** Heg middelste 22 ste af. Voltooi elke kant afs; heg aan halsrand 1 st af, elke alt ry, tot 25 ste oorbly. Heg af en voltooi tweede kant op dies manier.

## VOORPANT

Soos AP tot beg van motief. Volg pat vlgs dia op bl. 86 (50 rye). Brei nog 4 rye G.

**Mousgatvorming:** Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Brei vlg 12 rye soos dié van AP, maar in omgekeerde volgorde, brei ste van son (A), ook met B. Brei nog 4 rye B, beg dan son:

**1e ry:** 16B, 6A, 62B.

**2e ry:** 60B, 10A, 14B.

**3e ry:** 13B, 12A, 59B.

**4e ry:** 58B, 14A, 12B.

**5e ry:** 12B, 14A, 58B.

**6e ry:** 57B, 16A, 11B.

**7e ry:** 11B, 16A, 57B.

**8e ry:** 57B, 16A, 11B.

**9e ry:** 11B, 16A, 57B.

**10e ry:** 57B, 16A, 11B.

**11e ry:** 11B, 16A, 57B.

**12e ry:** 58B, 14A, 12B.

**13e ry:** 12B, 14A, 58B.

**14e ry:** 59B, 12A, 13B.

**15e ry:** 14B, 10A, 60B.

**16e ry:** 62B, 6A, 16B.

Brei nog 6 rye B.

**Halsvorming:** Heg middelste 12 ste af. Voltooi elke kant afsonderlik. Heg aan halsrand in vlg alt rye soos vlg af: 4 keer 2 ste, 3 keer 1 st.

Brei nog 2 rye en heg af. Voltooi tweede kant op dies manier.

## MOUE

Gebruik 3,25 mm-Ne en G en stel 41 ste op. Brei 5 cm rif, en vermeer 7 ste, eweredig gespasieer, oor laaste ry – 48 ste. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en ks. Vermeer 1 st aan weersk van vlg 7e ry en elke daaropvlg 6e ry, 12 keer altesaam – 79 rye. Voltooi daarna elke mou afsonderlik, hou vermeerderings deurlopend.

**Linkermou: 1e ry:** Deurgaans aw.

**2e ry:** 32G, 10B, 32G.

**3e ry:** 30G, 16B, 28G.

**4e ry:** 26G, 22B, 26G.

**5e ry:** 25G, 29B, 20G.

**6e ry:** 20G, 36B, 20G.

**7e ry:** 18G, 46B, 12G.

**8e ry:** 10G, 62B, 4G.

**9e ry:** 3G, 70B, 3G.

**10e en 11e ry:** 76B. Heg af.

**Regtermou, 1e – 4e ry:** deurgaans ks, beg met aw-ry.

**5e ry:** 32G, 10B, 32G.

**6e ry:** 31G, 16B, 29G.

**7e ry:** 27G, 22B, 27G.

**8e ry:** 26G, 29B, 21G.

**9e ry:** 20G, 26B, 20G.

**10e ry:** 18G, 46B, 12G.

**11e ry:** 10G, 56B, 10G. Heg af met kleure soos in gebruik.

## AFWERKING

Pars alle pante liggies met stoomyster en droë lap. Werk regterskouernaat toe. Met RK voor, 3,25 mm-Ne en B, tel op en r47 uit voorpanthalsrand en 40 oor agterpanthalsrand – 87 ste.



Brei 12 rye rif en heg lossies, rifgw af.

Werk 2e skouernaat toe, vou halsstrook dubbel na VK en werk lossies vas.

Werk moukoppe vas. Werk syen mounate toe.

Borduur sonstrale met kettingsteek; heg blommetjies vas soos verkies; borduur gras in koei se bek met koraalsteek, heg klokke met lintjie vas.

## DIAGRAMME VIR DANIEL SE TRUI



### Daniel se koeitruittjie

Dié patroon is taamlik maklik

Koste: Sowat R65,00

#### MATE

Om kinders van 4 – 5 jaar te pas. **Let wel:** die trui is oorgroot vir 'n kind van dié ouderdom, soos Daniel. Dit sal ook 'n kind van 6–7 jaar, met 'n borsmaat van 62–64 cm, pas.

**Ware grootte:** bors: 84 cm; lengte tot skouer 51 cm; moulengte 35 cm

#### BENODIGDHEDE

Pingouin Classic Chunky Sport (50 g-bolle): 2 bolle mosgroen (kleur-nr. 87, A), 5 bolle olyfgroen (79, B), 1 bol elk wit (01, W), en swart (11, S); paar elk breinaalde van 4,5 mm en 6,00 mm; paar drade groen en geel borduurgare; 4 ogies.

#### SPANNING

15 ste en 21 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 6,00 mm-Ne.

#### AFKORTINGS

Sien lys op bl. 91.

#### AGTERPANT

Gebruik 4,5 mm-Ne en A en stel 57 ste op. Brei 5 cm rif, en vermeer 7 ste, eweredig gespasieer, oor laaste ry – 64 ste.

Slaan oor na 6,00 mm-Ne en ks.

**1e – 4e ry:** Deurgaans ks.

**5e ry:** 2A, 2B tot einde.

**6e ry:** 2B, 2A tot einde.

**7e ry:** 1A, 3B tot einde.

Brei 49 rye B.

**Mousgativorming:** Heg 2 ste

af aan beg van vlg 2 rye.

Brei 30 rye, of tot werk 48 cm lank is vanaf beg.

**Halsvorming:** Heg middelste 16 ste af. Voltooi elke kant afsonderlik. Heg aan halsrand 2 keer 1 st in alt rye af. Heg oorbl 20 ste af.

#### VOORPANT

Soos AP tot 8e ks-ry voltooi is. Slaan oor na pat volgens dia A en brei dié 22 rye.

Brei 10 rye B.

**Vlg 6 rye:**

**1e ry:** 20B, 44A.

**2e ry:** 44A, 20B.

**3e ry:** 20B, (2A, 2B) 11 keer.

**4e ry:** (2B, 2A) 11 keer, 20B.

**5e ry:** 20B, (1A, 3B) 11 keer.

**6e ry:** Met B, aw.

Brei motief volgens dia B.

**Mousgativorming, 11e en**

**12e ry:** Heg 2 ste af, brei tot einde.

Brei nog 15 rye B, of tot werk 44 cm lank is vanaf beg.

**Halsvorming:** Heg middelste 8 ste af en voltooi elke kant afs. Heg aan halsrand in alt rye ste soos volg af: 1 keer 3 ste, 1 keer 2 ste, 1 keer 1 st.

Brei nog 4 rye en heg oorbl 20 ste af.

#### MOUE (2)

Gebruik 4,50 mm-Ne en A, stel 29 ste op en brei 5 cm rif.

Vermeer 5 ste, eweredig gespasieer, oor laaste ry – 34 ste. Slaan oor na 6,00 mm-Ne en ks.

**Let wel:** Vermeer 1 st aan weersk van 5e ry en elke daaropvolg 4e ry tot 60 ste in gebruik, terwyl pat soos hieronder



uiteengesit, gevolg word. Brei met dié 60 ste tot mou voltooi is. 2e mou word soos spieëlbeeld van 1e mou gebrei.

**Patroon:** Brei 1e – 7e motief-ry soos op AP. Brei 13 rye B.

**Vlg 5 rye:**

**1e ry:** 16B, 28A.

**2e ry:** 28A, 16B.

**3e ry:** 16B, (2A, 2B) tot einde.

**4e ry:** (2B, 2A) vir 28 ste, 16B.

**5e ry:** 17B, (1A, 3B) tot einde.

Brei 13 rye B.

**Vlg 5 rye:**

**1e ry:** 30A, 22B.

**2e ry:** 22B, 30A.

**3e ry:** 1B, (2A, 2B) 7 keer, 2A, 23B.

**4e ry:** 23B, (2A, 2B) 7 keer, 2A, 1B.

**5e ry:** 1B, (1A, 3B) 7 keer, B tot einde.

Brei 13 rye B.

**Vlg 6 rye:** 1e en 2e ry: Deur-

gaans A.

**3e ry:** (2A, 2B) tot einde.

**4e ry:** (2B, 2A) tot einde.

**5e ry:** (1A, 3B) tot einde.

**6e ry:** Deurgaans B. Heg af.


#### AFWERKING

Pars baie liggies met stoomyster en droë lap. Werk regter-skouernaat toe. Met RK voor, 4,50 mm-Ne en A, tel op en r37 uit voorpanthalsrand en 28 uit agterpanthalsrand – 65 ste. Brei 11 rye rif, heg lossies rifgw af.


Werk 2e skouernaat toe, vou halsboordjie na binnekant dubbel en werk lossies vas. Werk moukoppe vas. Werk syen skouernate toe.

Werk speelgoedogies vas, of plak met materiaalgom. Borduur blommetjies en steeltjies. □

## DIAGRAM VIR VOORKANT VAN CARA SE TRUI



## DIAGRAM VIR AGTERKANT VAN CARA SE TRUI



### SLEUTEL TOT DIAGRAMME VIR DANIEL EN CARA SE TRUITJIES

- = room
- = wit
- ⊕ = swart

Hierdie trui is eksklusief vir Rooi Rose ontwerp en gebrei deur Joan Breytenbach